HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

BELEID: GODSDIENS

Inhoud

BELEID: GODSDIENS 2

1. Martie du Plessis Skool is ’n skool met ’n Christelike grondslag en karakter. 2
2. Martie du Plessis Skool verantwoord sy Christelike grondslag en karakter binne die raamwerk van Nasionale Onderwyswetgewing. 2
3. Martie du Plessis Skool se Christelike grondslag en karakter hou die volgende praktiese konsekwensies in: 2

BELEID: GODSDIENS

1. Martie du Plessis Skool is ’n skool met ’n Christelike grondslag en karakter.

- Die aanvaarding van die Bybel as die onfeilbare Woord van God.
- Die geloof in die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees.
- Hierdie grondslag staan in ’n direkte verband met die feit dat die skool ’n oorwegend Christelike gemeenskap bedien en dat die oorgrote meerderheid van die leerders aan die Christelike geloof behoort.

2. Martie du Plessis Skool verantwoord sy Christelike grondslag en karakter binne die raamwerk van Nasionale Onderwyswetgewing.

- Die verkose Beheerliggaam het die verantwoordelikheid om die godsdiensbeleid op te stel binne die raamwerk van Nasionale Onderwyswetgewing en dit van tyd tot tyd te hersien.
- Die Christelike grondslag van die skool impliseer dat slegs die Christelike geloof hier gehandhaaf word, maar dan wel op ’n wyse dat daar nie teen leerders wat nie die Christelike geloof bely, gediskrimineer word nie.
- Ofskoon Martie du Plessis Skool dus ’n uitgesproke Christelike grondslag het, kan leerders van ander godsdienstige oortuigings wel binne die raamwerk van die normale toelatingsbeleid tot die skool toegelaat word.

3. Martie du Plessis Skool se Christelike grondslag en karakter hou die volgende praktiese konsekwensies in:

- Amptelike en openbare skoolaangeleenthede word gewoonlik geopen met Skriflesing en gebed.
- Van Onderwysers word verwag om deurgaans in hulle onderrig in die klas en in hul lewens ‘n positiewe voorbeeld uit te leef deur die kernwaardes van die skool (naamlik Respek, Verantwoordelikheid, Integriteit en Omgee) na te streef en op hierdie wyse die Christelike karakter van die skool uit te bou.
- Van die leerders word verwag om in die klas en daarbuite die Christelike karakter van die skool te eerbiedig en hulle te weerhou van enige optrede wat strydig is met Christelike norme en waardes.
- In gevalle waar leerders nie die Christelike geloof bely nie en nie kan meedoen aan die praktiese beoefening van die skool se Christelike grondslag nie, moet skriftelike versoeke van ouers of voogde in hierdie verband ingedien word vir oorweging deur die Bestuurspan en Beheerliggaam. Sodanige versoeke word individueel hanteer met dien verstande dat alternatiewe reëlings in hierdie verband getref sal word.

- Kerkisme (dogma) en proselietemakery maak nie deel uit van Martie du Plessis Skool se Christelike grondslag nie, bv. sake soos kinderdoop/ grootdoop, buitengewone gawes van die Heilige Gees en ander sake wat daarvoor bekend is dat verskillende kerkgroepe nie daaroor eenstemmigheid het nie.

AD LUCEM!